Datum: ______________________

# SALOMO SE MOOISTE LIED

## DEEL 5: GROEI IN LIEFDE

**Hooglied 7:1-13(AFR20)** Hoe mooi is jou voete in jou sandale, dogter van 'n edele. Die kurwes van jou heupe is soos ornamente – die werk van kunstenaarshande! [2] Jou naeltjie is 'n ronde kelk – mag dit vol kruiewyn bly. Jou maag is 'n hopie koring, met narsings omsoom. [3] Jou borste is soos twee jong bokkies, die tweeling van 'n ribbokooi. [4] Jou nek is soos 'n toring van ivoor, jou oë soos die poele by Gesbon, by die poort van Bat-Rabbim. Jou neus is soos die toring van Libanon wat uitkyk oor Damaskus. [5] Jou kop is soos Karmel, jou los hare soos purperstof – 'n koning raak verstrengel in die lokke. [6] Hoe mooi, hoe lieflik is jy, liefling, hoe verruklik! [7] Jou gestalte is soos 'n palmboom, jou borste soos druiwetrosse. [8] Ek het gedink: Ek wil teen die palmboom opklim en sy dadelpluime pluk. Mag jou borste soos trosse druiwe wees, die geur van jou asem soos appels, [9] en jou mond soos die beste wyn ... wat glad vir my liefste vloei, liggies oor die lippe van slapendes gly.

**Psalm 139:14(AFR20)** Ek prys U omdat ek op 'n ontsagwekkende, wonderbaarlike wyse gemaak is.

**Spreuke 12:4(AFR20)** 'n Knap vrou is 'n kroon vir haar man, maar 'n verrotting in sy gebeente is 'n vrou wat skande maak.

1. Die Beginsel van ____________________________

**Hooglied 7:10(AFR20)** Ek behoort aan my liefste en sy begeerte is na my.

2. Die Beginsel van ____________________________

**Efesiërs 5:21** Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

**Markus 10:45** Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.

**Filippense 2:3-5** Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. [4] Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. [5] Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

**Hooglied 7:11-12(AFR20)** Kom, my liefste! Kom ons gaan uit na die veld, laat ons tussen die hennablomme oornag. [12] Laat ons vroeg na die wingerde gaan, gaan kyk of die wingerd bot, of die botsels al oop is, of die granaatbome in bloei staan. Daar sal ek my liefde aan jou gee.

3. Die Beginsel van ____________________________

**Hooglied 7:13(AFR20)** Die alruin versprei sy geur en voor ons deur is allerlei heerlike vrugte van hierdie en die vorige seisoen, wat ek vir jou bewaar het, my liefste.

4. Die Beginsel van ____________________________

**1 Johannes 4:18** Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.

**Spreuke 5:18-19** Sing die lof van jou eie fontein, verheug jou oor jou eie vrou, [19] so vol liefde, so mooi soos 'n takbok, soos 'n ribbok. Geniet voluit van haar liefkosings, laat dit jou deurentyd bedwelm.

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*